With his thesis, GENETIC ANALYSIS AND GENOME-WIDE ASSOCIATION MAPPING OF CAROTENOID AND DRY MATTER CONTENT IN CASSAVA, the candidate contributed significant knowledge on the improvement of provitamin A carotenoids in cassava, which will help combat dietary vitamin A deficiency, which is rife in developing countries. Carotenoids were highly heritable and suitable parents and hybrid progeny with high carotenoid and dry matter content were identified for use in the breeding programme. Genetic associations with carotenoid content were studied, using a high throughput genotyping-by-sequencing platform by genotyping 591 genotypes using 635 247 single nucleotide polymorphisms (SNPs) distributed across the cassava genome. A genomic region of 1.37 Mb on chromosome 1 was identified to contain seven SNPs significantly associated with carotenoid content, positioned in the vicinity of a gene known to increase carotenoid concentration in cassava roots.
PROMOTER: Prof MT Labuschagne
CO-PROMOTERS: Prof L Herselman and Dr RS Kawuki

PHD

ESUMA, Willlams (met spesialisasie in Planteteelt)

Williams Esuma is op 25 April 1982 in die Arua-distrik, Uganda, gebore. Sy primêre opleiding het by Oyoo Primêre Skool en sy sekondêre opleiding by Sts. Peter en Paul Klooster en Pokea en Mvara Sekondêre skool plaasgevind. Hy het 'n BScHons (2009) en MSc (2011) in Gewasproduksie (Planteteelt) aan die Makerere Universiteit van Uganda behaal. Hy werk tans by die Nasionale Gewashulpbron-navorsingsinstituut in Uganda aan die genetiese verbetering van kassawe vir provitamien A karotenoïed-inhoud. Hy het onlangs 'n toekenning van 500 000 VSA dollar (2016-2019) van die Bill en Melinda Gates-stigting ontvang om genomiese hulpmiddels in Uganda te gebruik vir die ontwikkeling van kassawe-varieteite met verbeterde voedingswaarde. Williams is met Betty getroud en die egpaar het 'n dogter, Flora en seun, Dominic.

Met sy proefskrif, GENETIC ANALYSIS AND GENOME-WIDE ASSOCIATION MAPPING OF CAROTENOID AND DRY MATTER CONTENT IN CASSAVA, het die kandidaat betekenisvol tot kennis oor die verbetering van provitamien A karotenoïede in kassawe bygedra, wat sal help met die bekamping van vitamien A-tekorte in die dieet, wat algemeen in ontwikkelende lande voorkom. Karotenoïede was hoogs oorerflik, en goeie ouers en baster nageslag met hoë karotenoïed- en droëmassa-inhoud is vir gebruik in die teelprogram geïdentifiseer. Genetiese assosiasies met karotenoïed-inhoud is met behulp van 'n hoë deurvloei genotipering by-volgordebepalingsplatform bepaal deur 591 genotipes met gebruik van 635 247 enkel-nukleotied polimorfismes (SNP's) versprei oor die kassawe-genoom te genotipeer. 'n Genomiese area van 1.37 Mb op chromosoom 1, wat sewe SNP's bevat het wat betekenisvol met karotenoïed-inhoud verband hou, is geïdentifiseer. Hierdie area is in die omgewing van 'n geen wat bekend is om karotenoïed in kassawe-wortels te verhoog, geposisioneer.

PROMOTOR: prof MT Labuschagne
MEDEPROMOTORS: prof L Herselman en dr RS Kawuki

DOCTOR OF PHILOSOPHY

GROBLER, Susanna Maria (with specialisation in Animal Science)

Susanna Maria Grobler was born in Potchefstroom on 2 February 1978. She received her secondary education in Ermelo where she matriculated at the Ermelo High School in 1996. She obtained the degrees BScAgric (Animal Science) in 2001 and MScAgric (Animal Science) in 2008 from the University of Pretoria. She started her career as an Assistant Dairy Herd Manager at the Agricultural Research Council in Pretoria in 2003. In 2004 she was appointed as a Junior Researcher in the Range and Forage Institute, Agricultural Research Council and at present she is a researcher at the Animal Production Institute, Agricultural Research Council.

With her thesis, ALTERNATIVE MANAGEMENT SYSTEMS TO INCREASE BEEF PRODUCTION UNDER EXTENSIVE CONDITIONS, the candidate evaluated the effect of different management interventions on extensive beef production that is of importance to beef producers. The results indicated that (1) it may be more viable to breed beef heifers in an extensive production system at 26 months of age for the first time, (2) oestrous synchronisation prior to natural mating end in cows calving earlier in the season and therefore weaning heavier calves, but calving percentage did not increase, (3) when stocking rate is adhered to, either high utilisation grazing or controlled selective grazing can be implemented successfully without any effect on veld condition; and (4) weather condition e.g. rainfall, humidity, and temperature had a big impact on extensive beef production.
PROMOTERS: Prof JPC Greyling and Prof MM Scholtz
CO-PROMOTER: Prof FWC Neser

PHD

GROBLER, Susanna Maria (met spesialisasie in Veekunde)

Susanna Maria Grobler is op 2 Februarie 1978 in Potchefstroom gebore. Sy ontvang haar hoërskoolopleiding in Ermelo waar sy in 1996 aan die Hoërskool Ermelo matrikuleer. Sy behaal die grade BScAgric (Veekunde) in 2001 en MScAgric (Veekunde) in 2008 aan die Universiteit van Pretoria.

Sy begin haar loopbaan in 2003 as 'n Assistent-melkkuddebestuurder by die Landbounavorsingsraad in Pretoria. Sy word in 2004 as 'n Junior Navorser by die Veld- en Weidingsinstituut van die Landbounavorsingsraad aangestel en is tans 'n Navorser by die Diereproduksie-instituut van die Landbounavorsingsraad.

Met haar proefskrif, ALTERNATIVE MANAGEMENT SYSTEMS TO INCREASE BEEF PRODUCTION UNDER EXTENSIVE CONDITIONS, evalueer die kandidaat die effek van verskillende bestuursintervensies op ekstensiewe beesvleisproduksie, wat belangrik is vir produsente. Die resultate dui daarop dat (1) dit meer volhoubaar is om vleisbeesverse in 'n ekstensiewe stelsel vir die eerste keer op 26 maande te paar, (2) estrus- sinkronisasie voor natuurlike dekking tot gevolg het dat koeie vroeër in die seisoen kalf en swaarder kalwers speen, maar nie kalfpersentasie verhoog nie, (3) wanneer drakrag-norme nagekom word, hetsy hoëdruk- beweiding of beheerde selektiewe beweiding suksesvol geïmplementeer kan word sonder enige effek op veldtoestand en (4) weerstoestande, bv. reënval, humiditeit en temperatuur 'n groot impak op ekstensiewe beesvleisproduksie het.
PROMOTORS: prof JPC Greyling en prof MM Scholtz
MEDEPROMOTOR: prof FWC Neser

DOCTOR OF PHILOSOPHY

LABUSCHAGNE, Christiaan de Jager (with specialisation in Genetics)

Christiaan was born in Pretoria on 8 April 1982. He received his secondary education in Tzaneen where he matriculated at Merensky High School in 2000. He obtained a BSc degree in 2003, a BScHons degree in 2004 and an MSc in 2007, at the University of Pretoria. He started his professional career in 2006 as part of Inqaba Biotec's Sanger sequencing technical team where he is currently Production Manager. He is responsible for overseeing services and production and for providing several other services. His tasks include project design, sequence analysis, trouble-shooting and technical support. In his leisure time he likes to travel and he plays the piano and cello.

In his thesis, THE APPLICATION OF NEXT GENERATION TECHNIQUES IN CONSERVATION GENETICS, the candidate presents the development and application of a number of molecular technologies for conservation and management of two of Southern Africa's iconic endangered species, the African penguin and the white rhinoceros. Three different types of markers and their use in aiding South African wildlife biodiversity conservation were investigated in these diverse species. The methods developed were additionally applied to captive individuals. This study provides the first report of the complete mitochondrial genome of the African penguin and provides a new genomic marker set (microsatellites and single nucleotide polymorphisms) that have been validated for parentage. Through the use of these molecular tools, investigations on genetic management and reintroductions in the African penguin and white rhinoceros are now possible.
PROMOTER: Prof P Grobler
CO-PROMOTERS: Prof A Kotze and Dr D Dalton

PHD

LABUSCHAGNE, Christiaan de Jager (met spesialisasie in Genetika)

Christiaan is op 8 April 1982 in Pretoria gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding in Tzaneen, waar hy in 2000 aan die Hoërskool Merensky matrikuleer. Hy behaal die graad BSc in 2003, BScHons in 2004 en die MSc in 2007, aan die Universiteit van Pretoria. Hy begin sy professionele loopbaan as tegnikus by Inqaba Biotec se "Sanger sequencing" departement in 2006, waar hy tans die produksiebestuurder is. Hy is verantwoordelik vir dienste en produksie en die verskaffing van verskeie ander dienste. Sy take sluit in projek-ontwerp, volgorde-analise, foutoplossing en tegniese ondersteuning. In sy vrye tyd hou hy van reis en hy bespeel die klavier en tjello.

Met sy proefskrif, THE APPLICATION OF NEXT GENERATION TECHNIQUES IN CONSERVATION GENETICS, lewer die kandidaat 'n bydrae tot die ontwikkeling en toepassing van verskeie molekulêre tegnieke vir die bewaring en bestuur van twee van Suider-Afrika se ikonies bedreigde spesies, die Afrika-pikkewyn en witrenoster. Drie verskillende tipe merkers en hul nut ten bate van bewaring van Suid-Afrikaanse wild-biodiversiteit, word in hierdie diverse spesies ondersoek. Die ontwikkelde metodes is addisioneel toegepas op individue in aanhouding. Hierdie studie bied die eerste verslag van die volledige mitochondriale genoom van die Afrika-pikkewyn en bied 'n nuwe genomiese stel merkers (mikrosatelliet en enkel nukleotied-polimorfismes) wat vir ouerskap getoets is. Met die gebruik van hierdie molekulêre hulpmiddels is die ondersoek van genetiese bestuur en hervestiging van Afrika-pikkewyne en witrenosters nou moontlik.
PROMOTOR: prof P Grobler
MEDEPROMOTORS: prof A Kotze en dr D Dalton

DOCTOR OF PHILOSOPHY

MABANZA, Ntima (with specialisation in Computer Information Systems)

Ntima Mabanza was born in Kinshasa, Democratic Republic of the Congo (DRC) on 9 June 1970. He received his secondary education in Kinshasa where he matriculated at the College Saint Theophile in 1989. He obtained the degree BSc majoring in Computer Science and Geographical Information Systems (GIS) in 2000; the degree BScHons (Computer Science) in 2001; and the degree MSc (Computer Science) in 2007 at the University of Fort Hare, Alice, Eastern Cape, South Africa. He started his career as Junior Lecturer in the Department of Computer Science at the University of Fort Hare, Alice in 2001. At present he is a lecturer in the Department of Information Technology at the Central University of Technology, Free State (CUT). He is married to Kabobi Mabanza.

## DEAN/DEKAAN: PROF PD VERMEULEN

With his thesis, DETERMINING THE USABILITY OF PEDAGOGICAL INTERFACE AGENTS IN THE CONTEXT OF ADULT COMPUTER LITERACY TRAINING: A SOUTH AFRICAN PERSPECTIVE, the candidate addresses computer illiteracy in a Third World context. With this contribution he suggests the use of interface agents in computer literacy training for adults in contrast to traditional training methods. The positive results indicated how pedagogical interface agents could enhance computer literacy training in a Third World context in terms of better quality, enjoyable training, and reaching more people simultaneously, without the restriction of limited numbers of available human instructors. Being computer literate could throw a lifeline to many adults with little or no post-school training by giving them a better chance at employment with career growth prospects.
PROMOTER: Dr L de Wet
CO-PROMOTER: Prof R Schall

PHD

MABANZA, Ntima (met spesialisasie in Rekenaarinligtingstelsels)

Ntima Mabanza is op 9 Junie 1970 in Kinshasa in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding in Kinshasa waar hy in 1989 aan die College Saint Theophile matrikuleer. Hy behaal die graad BSc in Rekenaarwetenskap en Geografiese Inligtingstelsels (GIS) in 2000; BScHons (Rekenaarwetenskap) in 2001; en die graad MSc (Rekenaarwetenskap) in 2007 aan die Universiteit van Fort Hare, Alice, Oos-Kaap. Hy begin sy loopbaan as Junior Lektor in die Departement Rekenaarwetenskap aan die Universiteit van Fort Hare in Alice in 2001. Tans is hy ’n lektor in die Departement Inligtingstegnologie aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie, Vrystaat (SUT). Hy is getroud met Kabobi Mabanza.

Met sy proefskrif, DETERMINING THE USABILITY OF PEDAGOGICAL INTERFACE AGENTS IN THE CONTEXT OF ADULT COMPUTER LITERACY TRAINING: A SOUTH AFRICAN PERSPECTIVE, hanteer die kandidaat rekenaar-ongeletterdheid in ‘n Derde Wêreld-konteks. Met hierdie bydrae stel hy die gebruik van koppelvlakagente tydens volwasse rekenaargeletterdheidsopleiding voor in teenstelling met tradisionele opleidingsmetodes. Die positiewe resultate het getoon hoe pedagogiese koppelvlakagente rekenaargeletterheidsopleiding in ’n Derde Wêreld-konteks kan verbeter in terme van beter kwaliteit, genotvolle opleiding en deur baie meer mense gelyktydig te bereik sonder die beperking van te min beskikbare menslike instrukteurs. Rekenaargeletterheid kan ’n reddingsboei wees vir baie volwassenes met geen of min naskoolse-opleiding, deur hul ’n beter kans te gee om werk te kry met loopbaanontwikkelingsmoontlikhede.

PROMOTER: dr L de Wet
MEDEPROMOTOR: prof R Schall

DOCTOR OF PHILOSOPHY

MNGUNI, Gugulethu Ntokozo (with specialisation in Organic Chemistry)

Gugu Mnguni (née Ndlovu) was born in Durban on 15 January 1985. She received her secondary education in Verulam (Durban), where she matriculated at the Sacred Heart Secondary School in December 2001. She obtained the degree BSc in Biological Sciences and Chemistry in February 2006, BScHons (Biological Sciences) in December 2006, the degree MSc (Chemistry) in December 2009, all from the University of KwaZulu-Natal. She started her career as a research intern at the Medical Research Council in Durban (February 2008 – January 2010). In June 2010 she was appointed on a PhD scholarship in the Biosciences Unit of the Council for Scientific and Industrial Research (CSIR) and at present she is a researcher at the CSIR, (Biosciences Unit). She is married to Mluleki Mnguni and the couple awaits the arrival of their first-born son.

With her thesis, THE COSMETIC POTENTIAL OF *COIX LACRYMA-JOBI* AND THE AGROCHEMICAL POTENTIAL OF *PSORALEA REPENS, MAESA LANCEOLATA* AND *CLERODENDRUM GLABRUM*, the candidate makes a contribution to the field of natural product chemistry by identifying South African plants that can be developed into anti-aging agents and those that can be developed into herbicides, pesticides and fungicides. The large number of plant species investigated in this study helped explore the rich South African plant biodiversity. Partnering with international academic institutions and industries gave this study an advantage as it opened access to international experts, instruments, and tests not available in South Africa and pulled together some of the top world-class scientists. Three plants tested for agrochemical potential showed good results to be developed as organic pesticides, herbicides and fungicides which will be a natural alternative, cheaper and safer to animals and the environment.
PROMOTER: Dr G Fouche
CO-PROMOTERS: Prof JH van der Westhuizen (posthumous) and Dr A Wilhelm

PHD

MNGUNI, Gugulethu Ntokozo (met spesialisasie in Organiese Chemie)

Gugu Mnguni (née Ndlovu) is op 15 Januarie 1985 in Durban gebore. Sy ontvang haar hoërskoolopleiding in Verulam (Durban) waar sy in Desember 2001 aan die Sacred Heart Sekondêre Skool matrikuleer. Sy behaal die graad BSc in Biologiese Wetenskappe en Chemie in Februarie 2006, BScHons (Biologiese Wetenskappe) in Desember 2006, die graad MSc (Chemie) in Desember 2009, almal aan die Universiteit van KwaZulu-Natal. Sy begin haar loopbaan in navorsing as ’n navorsingsintern by die Mediese Navorsingsraad in Durban (Februarie 2008 – Januarie 2010). Sy word in Junie 2010 in die Biowetenskappe-eenheid van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) op ’n PhD-stipendium aangestel en is tans ’n navorser by die WNNR (Biowetenskappe-eenheid). Sy is getroud met Mluleki Mnguni en die egpaar wag op die koms van hul eersgebore seun.

Met haar proefskrif, THE COSMETIC POTENTIAL OF *COIX LACRYMA-JOBI* AND THE AGROCHEMICAL POTENTIAL OF *PSORALEA REPENS, MAESA LANCEOLATA* AND *CLERODENDRUM GLABRUM*, maak die kandidaat 'n bydrae op die gebied van natuurproduk chemie deur die identifisering van Suid-Afrikaanse plante wat ontwikkel kan word as anti-verouderingsagente en dié wat ontwikkel kan word as onkruiddoders, insekdoders en swamdoders. Die groot aantal plantspesies wat in hierdie studie ondersoek word, dra by tot ons kennis van die ryk Suid-Afrikaanse plant biodiversiteit. Samewerking met internasionale akademiese instellings en nywerhede was 'n groot voordeel in hierdie studie en het toegang verleen tot internasionale kundiges en wêreldgehalte wetenskaplikes, instrumente en toetse wat nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie. Drie plante wat vir landbou chemiese potensiaal getoets is, het goeie resultate getoon vir verdere ontwikkeling as organiese plaagdoders, onkruiddoders en swamdoders wat 'n natuurlike alternatief sal wees, goedkoper en veiliger vir diere en die omgewing.
PROMOTOR: dr G Fouche
MEDEPROMOTORS: prof JH van der Westhuizen (postuum) en dr A Wilhelm

DOCTOR OF PHILOSOPHY

NIEMAND, Alfonso (with specialisation in Disaster Management)

Alfonso Niemand was born in Boksburg on 7 February 1956. He received his secondary education in Bloemfontein where he matriculated at the Dr Viljoen Secondary School in 1973. He obtained the degree BSc in 1982 and the degree MBL in 1991 at the University of South Africa. He started his career as laboratory chemist in Sasolburg in 1979. In 1999 he started his own company, specialising in environmental management, occupational health and safety and major hazard installation risk assessments.

With his thesis, AN OPTIMISED MODEL FOR THE REGULATORY MANAGEMENT OF HUMAN-INDUCED HEALTH AND SAFETY RISKS ASSOCIATED WITH HAZARDOUS FACILITIES IN SOUTH AFRICA, the candidate makes a contribution to a complex subject which has not yet been explored. With this contribution he opens the door for a new health and safety regulation-formulation dispensation in South Africa and other countries, specifically with regard to the vulnerability of communities and the sustainability of hazardous installations. His research led to the development of a regulatory model, which he validated against case studies and local legislation. Part of his research results was already published in a local scientific journal and was presented at international conferences.
PROMOTER: Prof AJ Jordaan
CO-PROMOTER: Dr HFB Minnaar

PHD

NIEMAND, Alfonso (met spesialisasie in Rampbestuur)

Alfonso Niemand is op 7 Februarie 1956 in Boksburg gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding in Bloemfontein waar hy in 1973 aan die Sekondêre Skool Dr Viljoen matrikuleer. Hy behaal die graad BSc in 1982 en die graad MBL in 1991 aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy begin sy loopbaan as laboratorium-skeikundige in 1979 in Sasolburg. In 1999 stig hy sy eie maatskappy wat spesialiseer in omgewingbestuur, beroepgesondheid en -veiligheid en risiko-assesserlng van gevaar!ike installasies.

Met sy proefskrif, AN OPTIMISED MODEL FOR THE REGULATORY MANAGEMENT OF HUMAN-INDUCED HEALTH AND SAFETY RISKS ASSOCIATED WITH HAZARDOUS FACILITIES IN SOUTH AFRICA, lewer die kandidaat 'n bydrae tot 'n ingewikkelde onderwerp wat nog nie voorheen ontgin is nie. Met hierdie bydrae skep hy geleentheid vir 'n nuwe benadering tot die formulering van wetgewing vlr gesondheid en veiligheid in Suid-Afrika en ander lande, spesifiek ten opsigte van die kwesbaarheid van gemeenskappe en die volhoubaarheid van gevaarlike installasies. Sy navorsing het 'n regulatoriese model tot stand gebring, wat teen gevallestudies en p!aaslike wetgewing getoets is. 'n Deel van sy navorsing is reeds in 'n plaaslike wetenskaplike vaktydskrif gepubliseer en is by internasionale konferensies voorgedra.
PROMOTOR: prof AJ Jordaan
MEDEPROMOTOR: dr HFB Minnaar

DOCTOR OF PHILOSOPHY

WEST, Deidré Theresa (with specialisation in Zoology)

Deidré West was born on 23 December 1983 in Vryburg, North-West Province. She received her secondary education in Vryburg, where she matriculated at Kismet Secondary School in 2002. She studied at the University of the Free State, obtaining a BSc degree in 2006, BScHons in 2007 and MSc with distinction in 2010. During her postgraduate studies, Deidré was a Research Assistant in the Department of Zoology and Entomology. She is married to Johan Botha and the couple resides in Rustenburg, North-West Province.

With her thesis, ZOOPLANKTON OF THE OKAVANGO DELTA AND ASSOCIATED BASINS IN BOTSWANA, the candidate makes an exceptional contribution in a fundamental field of science, which has largely been neglected in Southern Africa. With this contribution, she addressed the species

composition and distribution of planktonic aquatic invertebrates from the waterways of northern Botswana, following an unforeseen flooding event which filled rivers and lakes that had been dry for between 30 and 40 years. During this study, a number of species were recorded in the area for the first time and a new species of copepod was discovered. More importantly, the study pointed out the remarkable role that these organisms, the temporarily flooded floodplains, and the consistent flooding and drying of waterways play in maintaining the integrity of the Okavango Delta and its associated basins.

PROMOTER: Prof JG van As

CO-PROMOTERS: Prof LL van As and Dr NA Rayner

PHD

WEST, Deidré Theresa (met spesialisasie in Dierkunde)

Deidré West is op 23 Desember 1983 in Vryburg, Noordwes, gebore. Sy ontvang haar hoërskoolopleiding in Vryburg waar sy in 2002 aan die Hoërskool Kismet matrikuleer. Aan die Universiteit van die Vrystaat behaal sy ’n BSc-graad in 2006, BScHons in 2007 en MSc-graad met lof in 2010. Tydens haar nagraadse studies was sy ’n Navorsingsassistent in die Departement Dierkunde en Entomologie. Sy is getroud met Johan Botha en die egpaar woon tans in Rustenburg, Noordwes.

Met haar proefskrif, ZOOPLANKTON OF THE OKAVANGO DELTA AND ASSOCIATED BASINS IN BOTSWANA, lewer die kandidaat ’n uitsonderlike bydrae tot ’n fundamentele wetenskapsgebied wat grootliks onderbestudeer in Suider-Afrika is. Met hierdie studie het sy die spesie-samestelling en verspreiding van akwatiese ongewerwelde diere van noordelike Botswana bestudeer, ná onverwagse vloede wat die riviere en mere – na droogtes van tussen 30 en 40 jaar - gevul het. ’n Aantal spesies is vir die eerste keer in hierdie area versamel en ’n nuwe kopepood-spesie is ontdek. Nog belangriker, die studie het die merkwaardige rol uitgewys wat hierdie organismes, die tydelike oorstroming van die vloedvlaktes, asook die volgehoue oorstroming gevolg deur droogtes van die waterweë, in die handhawing van die integriteit van die Okavango-delta en die geassosieerde waterliggame, speel.

PROMOTOR: prof JG van As

MEDEPROMOTORS: prof LL van As en dr NA Rayner

# Faculty of Education
# Fakulteit Opvoedkunde

EDUCATION
OPVOEDKUNDE
UFS·UV

## DEAN/DEKAAN: PROF MG MAHLOMAHOLO

MASTER OF ARTS IN (HIGHER EDUCATION STUDIES)
MA (HOËRONDERWYSSTUDIE)

BOTES, Wiets
THE PERCEPTIONS OF VARIOUS ROLE PLAYERS ON THE TRAINING AND INSTRUCTIONAL BEHAVIOUR OF TUTORS IN A FACULTY OF EDUCATION AT A HIGHER EDUCATION INSTITUTION
Supervisor/studieleier: Prof AA Beylefeld
Internal co-supervisor/interne medestudieleier: Dr L Bezuidenhoud

MOTAUNG, Nthabiseng Francinah
ROWE, Michelle
STRAUSS, Jacoba Isabella

MASTER OF EDUCATION
MED

COETZEE, Erik Marius (with specialisation in Curriculum Studies/met spesialisasie in Kurrikulumstudie)
THE CHALLENGES OF TRANSITION FROM GR.9 EMS (GET-PHASE) TO GR.10 ACCOUNTING (FET-PHASE): AN EVALUATIVE STUDY
Supervisor/studieleier: Prof LP Louw

PAQUET, Lorraine Anél (with specialisation in Psychology of Education/met spesialisasie in Psigo-Opvoedkunde)
UTILISING INDEPENDENT EVENT RELATED POTENTIALS TO DETERMINE IF LEARNERS CAN BE CLASSIFIED AS ADHD BASED ON THEIR AUDITORY DIFFICULTIES
Supervisor/studieleier: Dr A van Staden

THOMPSON, Japie Andries (with specialisation in Policy Studies and Governance in Education/met spesialisasie in Onderwysbeleidstudie en -Gesagsverhoudinge)

VAN WYK, Patricia Sybil (with specialisation in Policy Studies and Governance in Education/met spesialisasie in Onderwysbeleidstudie en -Gesagsverhoudinge)
THE MARKING PROCESS OF THE NATIONAL SENIOR CERTIFICATE: EXPLORING PERCEPTIONS OF QUALITY
Supervisor/studieleier: Dr KLG Teise

DOCTOR OF PHILOSOPHY

DICK, Liezl (with specialisation in Higher Education Studies)

Liezl Dick was born in Kimberley on 1 July 1980. She received her school education in Stellenbosch, where she matriculated in 1998. She obtained a BA degree in 2001, a BAHons (Philosophy) in 2003, and an MA (Philosophy) degree in 2008 from the Stellenbosch University. She began her career as a research and teaching assistant in the Department of Philosophy at the Stellenbosch University in 2004. In 2011, she was appointed as the residence head of Madelief Residence at the University of the Free State.

With her thesis, DIE INTEGRASIE VAN GERASDE SUBJEKTIWITEITE BINNE DIE KONTEKS VAN ’N VOORGRAADSE DAMESKOSHUIS AAN ’N HOËRONDERWYSINSTELLING: ’N DELEUZE/GUATTARIAANSE PERSPEKTIEF, the candidate contributes to a *different* understanding of race and racialised subjectivities. She offers an alternative perspective on racial integration. By arguing that subjectivity is a side effect of a process of connecting and becoming, the candidate highlights the materiality of race by suggesting that material and immaterial components become viscous around certain phenotypes. The operationalisation of Deleuze and Guattari’s conceptual toolbox demonstrates how racialised subjectivities fluctuate between territorialisation and deterritorialisation. The study highlights how racialised subjectivities in a female residence can become undone to a greater or lesser extent.
PROMOTER: Dr A le Roux
CO-PROMOTERS: Dr F Kruger and Dr SP van Tonder

PHD

DICK, Liezl (met spesialisasie in Hoëronderwysstudie)

Liezl Dick is op 1 Julie 1980 in Kimberley gebore. Sy ondergaan haar hoërskoolopleiding in Stellenbosch waar sy in 1998 matrikuleer. Sy behaal in 2001 haar BA, ’n BAHons (Filosofie) in 2003 en ’n MA (Filosofie) in 2008 aan die Universiteit Stellenbosch. Sy begin haar loopbaan in 2004 as navorsings- en onderrigassistent in die Departement Filosofie aan die Universiteit Stellenbosch. In 2011 word sy as koshuishoof van Madelief-koshuis by die Universiteit van die Vrystaat aangestel.

Met haar proefskrif, DIE INTEGRASIE VAN GERASDE SUBJEKTIWITEITE BINNE DIE KONTEKS VAN ’N VOORGRAADSE DAMESKOSHUIS AAN ’N HOËRONDERWYSINSTELLING: ’N DELEUZE/GUATTARIAANSE PERSPEKTIEF, lewer die kandidaat ’n bydrae tot ’n *ander* verstaan van ras en gerasde subjektiwiteite. Sy bied ’n alternatiewe verstaan van rasse-integrasie. Deur te argumenteer dat subjektiwiteit ’n newe-effek van ’n proses van koppeling en wording is, vestig die kandidaat die aandag op die materialiteit van ras deur te suggereer dat materiële en onstoflike dinge aan sekere fenotipes kleef. Die operasionalisering van Deleuze en Guattari se konsepsuele gereedskapkis demonstreer hoe gerasde subjektiwiteite tussen territorialisering en deterritorialisering fluktueer. Die studie toon aan dat gerasde subjektiwiteite in ’n dameskoshuis tot ’n mindere of meerdere mate ongedaan gemaak kan word.
PROMOTOR: dr A le Roux
MEDEPROMOTORS: dr F Kruger en dr SP van Tonder

DOCTOR OF PHILOSOPHY

DUBE, Bekithemba (with specialisation in Curriculum Studies)

Dube Bekithemba was born on 13 July 1982 in Bulawayo, Zimbabwe. He received his secondary education at Nketa Secondary School and moved to Mtshabezi High School for Advanced level. He received a Diploma in Theology from Teen Missions International (2002), Bachelor of Education (Great Zimbabwe University), Bachelor of Arts Theology (Theological College of Zimbabwe) and master's in Education (Great Zimbabwe University). He commenced his teaching in 2011 at Inyathi Mission before moving to Solusi University. During his teaching career, he held leadership positions such as teacher representative, curriculum planner, and assistance coordinator for the Postgraduate School of Education at the TCZ campus. He is married to Sikhathele Luphahla.

With his thesis A SOCIO-RELIGIOUS HYBRIDITY STRATEGY TO RESPOND TO THE PROBLEMS OF RELIGIOUS STUDIES IN ZIMBABWE, he to create a strategy that responds to four problems in Religious Studies, which are religious exclusivism, religious abuse, negation of Indigenous Knowledge Systems and a lack of qualified teachers for Religious Studies. Critical to the study is the desire for hybridity of religious groups towards solving pressing social pathologies of the day that threaten peaceful coexistence. The study is premised in Critical Emancipatory Research with working principles such as improvement of human condition, elimination of false consciousness, sustainable social transformation, social justice and emancipation. It is concluded from this intellectual work that various religions can hybridise to ensure peaceful coexistence of diverse people and improve their conditions. In addition, Religious Studies at secondary school level serves as an ideal space where hybridity of religions can be cultured for the benefit of the wider community.
PROMOTER: Dr MM Nkoane
CO-PROMOTER: Prof MG Mahlomaholo

PHD

DUBE, Bekithemba (met spesialisasie in Kurrikulumstudie)

Dube Bekithemba is op 13 Julie 1982 te Bulawayo in Zimbabwe gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding te Nketa Sekondêre Skool en voltooi daarna sy gevorderde vlak te Mtshabezi Hoërskool. Hy ontvang 'n Diploma in Teologie vanaf Teen Missions International (2002), BEd (Great Zimbabwe University), BA Teologie (Theological College of Zimbabwe), en MEd (Great Zimbabwe University). In 2011 begin hy sy onderwysloopbaan by Inyathi Mission waarna hy aanbeweeg na die Solusi Universiteit. Gedurende sy onderwysloopbaan het hy verskeie leierskapposte beklee soos onderwysverteenwoordiger, kurrikulumbeplanner en assisteringskoördineerder vir die Nagraadse Skool van Opvoedkunde op die TCZ kampus. Hy is getroud met Sikhathele Luphahla.

Met sy proefskrif, getiteld A SOCIO-RELIGIOUS HYBRIDITY STRATEGY TO RESPOND TO THE PROBLEMS OF RELIGIOUS STUDIES IN ZIMBABWE, poog hy om 'n strategie te ontwerp wat die antwoord verskaf op vier probleemareas wat in Godsdiensstudies ondervind word, naamlik godsdienstige uitsluiting, godsdienstige mishandeling, ontkenning van inheemse kennissisteme en 'n tekort aan gekwalifiseerde Godsdiensonderwysers. Van kritiese belang vir die studie is die strewe na hibridisering van godsdienstige groepe ten einde die dringende sosiale patologiese probleme op te los wat vreedsame gelyke bestaan bedreig. Die studie is gegrond op kritiese vrywaringsnavorsing wat werkende beginsels bevat soos die verbetering van menslike omstandighede, die uitskakeling van valse bewustheid, volhoubare sosiale transformasie en emansipasie. Die gevolgtrekking van hierdie intellektuele werk is dat verskillende godsdienstige groepe kan hibridiseer om 'n vreedsame naasbestaan van uiteenlopende groepe te verseker en hulle omstandighede te verbeter. Godsdiensstudies op hoërskoolvlak dien as 'n ideale omgewing waar hibriditeit gekweek kan word om vrede in die wêreld te bewerkstellig.
PROMOTOR: dr MM Nkoane
MEDEPROMOTOR: prof MG Mahlomaholo

DOCTOR OF PHILOSOPHY

JITA, Thuthukile (with specialisation in Curriculum Studies)

Thuthukile Jita was born in Durban on 27 April 1968. She received her secondary education in Durban, where she matriculated from Ogwini Comprehensive High School in 1986. She obtained a Bachelor of Paedonomiae in Science (BPaed) and a Senior Secondary Teacher's Diploma (SSTD) in 1992 from the University of Zululand. She also obtained a Bachelor of Education honours (BEdHons) in 1999 from the University of Natal (Durban), an International Computer Driving Licence (ICDL) and a National Certificate in Data metrics (Computer Studies) from the University of South Africa (Unisa) in 2009. In 2013 and 2014, she obtained a Certificate in Instructional Design and a Master of Science (MSc) degree in Instructional Design and Technology from Walden University in the USA. She began her career as a Biology and Mathematics high school teacher in January 1992 and was promoted to head of department in 2003. In 2007, she joined the private sector as an educational consultant, trainer and instructional designer with several clients including Lonmin mining company, Coke, Eskom, Land Bank, PRASA, Edcon, Abajan, Nigeria, Bank of Namibia and many others. In March 2012, she was appointed at the University of the Free State as learning designer in the Centre for Teaching and Learning (CTL). She took up lectureship in the School of Educational Studies at the University of the Free State in 2015, teaching undergraduate and postgraduate modules on computer-related studies in education, Curriculum Development and Instructional Design. Her doctoral research was funded through a grant from the National Research Foundation (NRF). Thuthukile is married to Loyiso and the couple has three daughters and a son.

# Faculty of Education
# Fakulteit Opvoedkunde

EDUCATION
OPVOEDKUNDE
UFS·UV

## DEAN/DEKAAN: PROF MG MAHLOMAHOLO

With her thesis, PRE-SERVICE TEACHERS' COMPETENCES FOR TEACHING SCIENCE THROUGH INFORMATION AND COMMUNICATION TECHNOLOGIES DURING TEACHING PRACTICE, the candidate contributes to the body of scholarship on the use of ICTs for subject-specific teaching and learning in schools. She argues that while the use of ICTs for a range of purposes has been on the increase in recent times, their use to teach what is often considered difficult subjects at school such as Physical Sciences and Mathematics has sadly not been as pronounced. By tracing the problem back to universities where future teachers are trained, Jita found that final-year Science Education student teachers exit the university with a fair amount of general knowledge on ICTs from their classes but with little skill and experience to use any of the ICT tools to teach their specific subject areas. She thus recommends that universities need to review their teacher education programmes to include training and practice on the use of ICTs to teach and facilitate learning in Science and other subjects. Furthermore, specific policy guidelines and assessment criteria should be developed to encourage future teachers to integrate ICTs during their practice teaching placement in schools. The study makes an immense contribution to an emerging field on ICT usage for teacher education in South Africa and has implications for addressing the digital divide in South African schools by ensuring that all future teachers can have the required competence to teach science and other subjects through ICTs.
PROMOTER: Prof MG Mahlomaholo

PHD

JITA, Thuthukile (met spesialisasie in Kurrikulumstudie)

Thuthukile Jita is op 27 April 1968 in Durban gebore. Sy het haar hoërskoolopleiding in Durban ontvang, waar sy in Desember 1986 aan die Hoërskool Ogwini gematrikuleer het. Sy het 'n Baccalaureus Paedonomiae in Wetenskap (BPaed) asook 'n Senior Sekondêre Onderwysdiploma (SSTD) in 1992 aan die Universiteit van Zoeloeland verwerf. Daarna het sy 'n BEdHons in 1999 aan die Universiteit van Natal (Durban) verwerf, asook 'n Internasionale Rekenaarbestuurslisensie (ICDL) en 'n Nasionale Sertifikaat in Data-statistiek (Rekenaarwetenskappe) aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) in 2009. In 2013 en 2014 het sy 'n sertifikaat in Onderrigontwerp asook 'n MSc in Onderrigontwerp en Tegnologie aan die Walden Universiteit in die VSA verwerf. Sy het haar loopbaan as 'n hoërskool-Biologie- en Wiskunde-onderwyser in Januarie 1992 begin. Sy is in 2003 tot departementshoof bevorder. In 2007 het sy die privaatsektor betree as 'n opvoedkundekonsultant, afrigter en onderrig-ontwerper met verskeie kliënte, waaronder die Lonmin-mynmaatskappy, Coke, Eskom, Landbank, PRASA, Edcon, Abajan, Nigerië en Bank van Namibië. In Maart 2012 is sy by die Universiteit van die Vrystaat aangestel as leerontwerper in die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL). Sy het in 2015 'n pos as lektor in die Skool vir Opvoedkundestudie aan die Universiteit van die Vrystaat aanvaar. Haar verantwoordelikhede sluit sowel voorgraadse- as nagraadse modules in rekenaarverwante studies in opvoedkunde, kurrikulumontwikkeling en onderrigontwerp in. Haar doktorale navorsing is gefinansier deur 'n beurs van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Thuthukile is met Loyiso getroud en die egpaar het drie dogters en 'n seun.

Met haar proefskrif PRE-SERVICE TEACHERS' COMPETENCES FOR TEACHING SCIENCE THROUGH INFORMATION AND COMMUNICATION TECHNOLOGIES DURING TEACHING PRACTICE, maak die kandidaat 'n bydrae tot die huidige kennis oor die gebruik van IKT om vakspesifieke onderrig en leer in skole aan te bied. Sy voer aan dat hoewel IKT die afgelope tyd toenemend vir verskillende doeleindes gebruik word, dit ongelukkig steeds nie voldoende gebruik word vir die vakke wat gewoonlik as moeilik beskou word nie, byvoorbeeld Fisiese Wetenskappe en Wiskunde. Deur die probleem na te spoor tot by universiteite, waar toekomstige onderwysers opgelei word, het Jita bevind dat finale-jaar Wetenskaponderwysstudente die universiteit verlaat met 'n redelike aanvaarbare algemene kennis van IKT as gevolg van hul klasse, maar met weinig vaardighede of ervaring om IKT-hulpmiddels te gebruik om klasse in hul spesifieke vakgebiede aan te bied. Sy beveel dus aan dat universiteite hul onderwys-opleidingsprogramme hersien om spesifieke opleiding en oefening in die gebruik van IKT in te sluit om die onderrig van Wetenskap en ander vakke moontlik te maak. Verder moet spesifieke riglyne en assesseringskriteria ontwikkel word om toekomstige onderwysers aan te moedig om IKT gedurende hul praktiese onderwysplasings in skole aan te wend. Die studie maak 'n groot bydrae tot 'n opkomende studieveld oor die gebruik van IKT in onderwysopleiding in Suid-Afrika en het implikasies vir die hantering van die digitale gaping in Suid-Afrikaanse skole deur te verseker dat alle toekomstige onderwysers die nodige vaardighede sal hê om Wetenskap en ander vakke deur middel van IKT aan te bied.
PROMOTOR: prof MG Mahlomaholo

DOCTOR OF PHILOSOPHY

KHANYE, Ayanda Pearl (with specialisation in Higher Education Studies)

Ayanda Pearl Khanye was born in Pietermaritzburg on 14 April 1969. She received her secondary education in Mariannhill where she matriculated at St Francis College in 1986. She obtained the BA degree in 1990 and Higher Education Diploma in 1991 at Durban-Westville. In 1999, she obtained a BEd (Psychology) degree at the Rand Afrikaans University, an MEd (Psychology) at the University of Johannesburg in 2004. She started her career as teacher at Mdumiseni High School in Madadeni (KwaZulu-Natal) in 1992. In 2005, she worked as a teacher at the New Horizon College in Harrismith. In 2012, she was appointed as a psychologist at the Maluti TVET College and at present she is a lecturer in the Department of Psychology at the University of the Free State. She is married to McDonald Phiello Khanye and the couple has two sons, Sibongakonke and Karabo.

With her thesis: REFLEXIVELY FUMBLING TOWARDS A SUSTAINABLE CAREER CHOICE IN THE HUMANITIES, the candidate makes a contribution to dealing with uncertainty and lack of clarity pertinent to career choices in the Humanities, a subject which continues to be under the spotlight. Drawing from the Chaos Theory of Careers the candidate traverses spaces that enable individuals to capitalise on change and chance in choosing a career that enacts personal meaning and social construction. Adopting a critical emancipatory research lens, participatory action research methodology as well as critical discourse analysis, the study proposes constant engagement and reflection with certain career possibilities informed by thoughtful and reflexive praxis.
PROMOTER: Dr DJ Hlalele
CO-PROMOTER: Dr MM Nkoane

### PHD

### KHANYE, Ayanda Pearl (met spesialisasie in Hoëronderwysstudie)

Ayanda Pearl Khanye is op 14 April 1969 in Pietermaritzburg gebore. Sy ontvang haar sekondêre onderrig in Mariannhill, waar sy in 1986 aan St. Francis Kollege matrikuleer. Sy behaal in 1990 'n BA en in 1991 'n Hoëronderwysdiploma aan Durban-Westville. In 1999 behaal sy 'n BEd (Sielkunde) aan die Randse Afrikaanse Universiteit, in 2004 'n MEd (Sielkunde) aan die Universiteit van Johannesburg. Sy begin in 1992 haar loopbaan as onderwyser by die Mdumiseni Hoërskool in Madadeni (KwaZulu-Natal). In 2005 werk sy as 'n onderwyser by die New Horizon Kollege in Harrismith. In 2012 word sy by die Maluti TBOO Kollege as sielkundige aangestel en tans is sy 'n dosent in die Departement Sielkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy is getroud met McDonald Phiello Khanye en die egpaar het twee seuns, Sibongakonke en Karabo.

Met haar proefskrif: REFLEXIVELY FUMBLING TOWARDS A SUSTAINABLE CAREER CHOICE IN THE HUMANITIES, lewer die kandidaat 'n bydrae tot die hantering van onsekerheid en onduidelikheid wat verband hou met loopbaankeuses in die Geesteswetenskappe. Dit is 'n onderwerp wat voortdurend in die kollig is. Deur van die Chaos-teorie in Loopbane gebruik te maak, bespreek die kandidaat leemtes wat individue in staat stel om munt te slaan uit veranderinge en geleenthede in die keuse van 'n loopbaan wat persoonlike betekenis en maatskaplike konstruksie bepaal. Deur die gebruik van 'n krities-geëmansipeerde navorsingslens en deelnemende aksienavorsingsmetodologie, asook kritiese diskoersanalise, stel die navorsing voortdurende betrokkenheid by en refleksie wat betref sekere loopbaanmoontlikhede voor, wat deur diepsinnige en refleksiewe praktyk ondersteun word.
PROMOTOR: dr DJ Hlalele
MEDEPROMOTOR: dr MM Nkoane

### DOCTOR OF PHILOSOPHY

### LEPHEANA, Alice Mamotsheare (with specialisation in Psychology of Education)

Alice Mamotsheare Lepheana was born in Matatiele on 6 April 1970. She received her secondary education in Qwaqwa where she matriculated at Manthatisi High School in 1989. She obtained the Senior Primary Teachers Diploma in 1993, a BA degree in 2001, BEdHons in Educational Psychology in 2003, an Advanced Certificate in Education: Technology in 2005, a master's degree in Teaching and Learning in 2014, Advanced Certificate in Education: Natural Sciences (cum laude) in 2015. She started her career as a teacher at Mount Fletcher (Eastern Cape) in March 1994. In April 1996, she was appointed in various positions and currently serves as a Senior Education Specialist in the Free State Department of Education. She is married to Motlalentoa Job Mokoena and the couple has one son and two daughters.

With her thesis, A PSYCHOSOCIAL SUPPORT FRAMEWORK FOR SUSTAINABLE LEARNING FOR LEARNERS FROM CHILD-HEADED HOUSEHOLDS, the candidate makes a contribution to a subject which is considered to be currently under the spotlight. With this contribution, she attempts to address the phenomenon of sustainable learning for learners from child-headed households by means of a psychosocial support framework. In this way the gap is bridged between the emotional and cognitive factors, together with care and support, which are regarded as important building blocks for achievement in the classroom. The positive results of this investigation serve as an indication of the importance of a strong primary support structure that serves as a foundation, and the value this type of support holds for an attempt to find a solution to the phenomenon of psychosocial challenges leading to poor academic performance.
PROMOTER: Dr DJ Hlalele
CO-PROMOTER: Prof G Alexander

### PHD

### LEPHEANA, Alice Mamotsheare (met spesialisasie in Opvoedkundige Sielkunde)

Alice Mamotsheare Lepheana is op 6 April 1970 in Matatiele gebore. Sy voltooi haar sekondêre opleiding in Qwaqwa, waar sy in 1989 aan die Sekondêre Skool Manthatisi matrikuleer. Sy behaal die Senior Primêre Onderwysdiploma in 1993, haar BA in 2001, BEdHons in Psigo-opvoedkunde in 2003, 'n Gevorderde Sertifikaat in Onderwystegnologie in 2005, 'n meestersgraad in Onderwys en Leer in 2014, 'n Gevorderde Onderwyssertifikaat: Natuurwetenskappe (met onderskeiding) in 2015. Sy begin in Maart 1994 haar loopbaan as onderwyser in Mount Fletcher (Oos-Kaap). In April 1996 word sy in verskeie poste aangestel en sy is tans 'n senior onderwysspesialis in die Vrystaatse Departement van Onderwys. Sy is getroud met Motlalentoa Job Mokoena en die egpaar het een seun en twee dogters.

Met haar proefskrif, A PSYCHOSOCIAL SUPPORT FRAMEWORK FOR SUSTAINABLE LEARNING FOR LEARNERS FROM CHILD-HEADED HOUSEHOLDS, lewer die kandidaat 'n bydrae tot 'n vakgebied wat tans sterk in die kollig is. Met hierdie studie strewe sy daarna om die verskynsel van volhoubare leer met behulp van 'n psigososiale ondersteuningsraamwerk vir leerders afkomstig uit kinderaangevoerde huishoudings te hanteer. Op hierdie wyse word die gaping tussen die emosionele en kognitiewe faktore, wat as belangrike boustene vir prestasie in die klaskamer beskou word, met behulp van sorg en steun oorbrug. Die positiewe resultate van hierdie ondersoek is 'n aanduider van die belangrikheid van 'n sterk primêre ondersteuningstruktuur as grondslag, asook die waarde van hierdie tipe steun om te probeer om 'n oplossing vir die verskynsel van psigososiale uitdagings wat tot swak akademiese prestasie lei, te vind.
PROMOTOR: dr DJ Hlalele
MEDEPROMOTOR: prof G Alexander

# Faculty of Education
# Fakulteit Opvoedkunde

EDUCATION
OPVOEDKUNDE
UFS·UV

## DEAN/DEKAAN: PROF MG MAHLOMAHOLO

DOCTOR OF PHILOSOPHY

MAKAMURE, Chipo (with specialisation in Curriculum Studies)

Chipo Makamure was born in Masvingo, Zimbabwe, on 12 June 1969. She received her secondary education in Masvingo, where she matriculated from Tagona Secondary School in 1987. She obtained a Diploma in Education in December 1994, a BEd (Mathematics) in 1998, an MScEd (Mathematics) in 2004 from the University of Zimbabwe, and a BCompt degree in 2012 from the University of South Africa. She started her career as a high school Mathematics teacher in Harare where she worked from 1994 to 2004. She then joined Belvedere Technical Teachers' College as a Mathematics lecturer in 2005 and became a head of department for Natural Sciences and Mathematics in November 2012. She is married to Alex Makamure and the couple has three sons and a daughter.

With her thesis, LEARNING TO TEACH SECONDARY SCHOOL MATHEMATICS FROM PRACTICE: AN EXPLORATION OF THE ZIMBABWEAN PRE-SERVICE TEACHERS' YEAR-LONG FIELD EXPERIENCES, the candidate makes a significant contribution to the scholarship on learning to teach, especially learning to teach Mathematics. Makamure begins by arguing that while teaching practice has always been thought of as an important component of teacher education, its role in developing the required expertise of pre-service teachers to improve Mathematics teaching and learning in schools remains to be established. Previous studies in teacher education have argued for more time for student teachers to practise in schools in order to improve their expertise. Using the year-long teaching practice experiences of students at two major colleges of education in Zimbabwe, Makamure demonstrates that it is not the amount of time that pre-service teachers spend in schools that is critical to the development of knowledge and expertise. It is the quality of their experiences before teaching practice at the college, during teaching practice in the schools, and post-teaching practice back at college. Her study recommends that teacher education programmes need to prepare pre-service teachers adequately on the required content knowledge, practical competence, and expectations prior to placing them in schools. School-based teachers and college lecturers who are specifically trained in mentoring, supervision, and assessment of pre-service teachers should carefully supervise the practical experiences. The study concludes with recommendations for proper debriefing and assessment of competence after teaching practice, so that pre-service teachers who do not meet the performance requirements can be recommended for further placement and re-training before graduation.
PROMOTER: Prof LC Jita

PHD

MAKAMURE, Chipo (met spesialisasie in Kurrikulumstudie)

Chipo Makamure is op 12 Junie 1969 in Masvingo, Zimbabwe, gebore. Sy het haar hoërskoolopleiding in Masvingo ontvang, waar sy in 1987 aan die Tagona Sekondêre Skool gematrikuleer het. Sy het in Desember 1994 'n Diploma in Opvoedkunde behaal, asook 'n BEd (Wiskunde) in 1998. In 2004 het sy 'n MScEd in Wiskunde aan die Universiteit van Zimbabwe ontvang, asook 'n BCompt aan die Universiteit van Suid-Afrika in 2012. Sy het haar loopbaan as 'n hoërskool-Wiskunde-onderwyser in Harare begin, waar sy van 1994 tot 2004 gewerk het. In 2005 het sy by die Belvedere Tegniese Onderwyskollege aangesluit as 'n Wiskunde-dosent en is in November 2012 tot departementshoof vir Natuurwetenskappe en Wiskunde bevorder. Sy is met Alex Makamure getroud en die egpaar het drie seuns en 'n dogter.

Met haar proefskrif, LEARNING TO TEACH SECONDARY SCHOOL MATHEMATICS FROM PRACTICE: AN EXPLORATION OF THE ZIMBABWEAN PRE-SERVICE TEACHERS' YEAR-LONG FIELD EXPERIENCES, maak die kandidaat 'n noemenswaardige bydrae tot die huidige kennis rakende opvoedkunde, veral Wiskunde-onderwys. Makamure begin met die stelling dat, hoewel daar nog altyd geglo is dat praktiese onderwys 'n belangrike komponent van onderwysopleiding is, die rol daarvan in die ontwikkeling van noodsaaklike kundigheid by onderwysstudente ten einde Wiskunde-onderrig en -leer in skole te verbeter, nog bepaal moet word. Vorige studies oor onderwysopleiding het aangevoer dat onderwysstudente meer tyd gegee moet word om in skole te oefen en sodoende hul kundigheid te verbeter. Makamure het die jaarlange praktiese onderwyservarings van studente by twee onderwyskolleges in Zimbabwe gebruik om te bewys dat dit nie die hoeveelheid tyd is wat die onderwysstudente in skole spandeer wat krities is vir die ontwikkeling van hul kennis en kundigheid nie, maar die kwaliteit van hul ervarings by die kollege voor hul praktiese onderwys, gedurende hul praktiese onderwys by die skole, asook hul ervarings na hul terugkeer by die kollege wanneer praktiese onderwys verby is. Haar studie beveel aan dat onderwysopleidingsprogramme onderwysstudente genoegsaam moet voorberei ten opsigte van die nodige inhoudskennis, praktiese bevoegheid en hul verwagtinge voordat hulle in skole geplaas word. Skool-gebaseerde onderwysers en kollege-dosente wat spesifiek in mentorskap, studieleiding en assessering van onderwystudente opgelei is, moet toesig hou oor die praktiese ervarings. Die studie sluit af met aanbevelings vir behoorlike evaluering en assessering van die studente se bevoegdheid ná praktiese onderwys sodat die onderwysstudente wat nie aan die prestasie-vereistes voldoen nie, aanbeveel kan word vir verdere plasing en en verdere opleiding voordat hulle gradueer.
PROMOTOR: prof LC Jita

DOCTOR OF PHILOSOPHY

MALEBO, Motloi Andrew (with specialisation in Higher Education Studies)

Motloi Andrew Malebo was born in Sharpeville, Vereeniging on 11 September 1971. He received his secondary education in Sharpeville, where he matriculated at Thuto-Lore Secondary School in 1990. He obtained the degree BA (History and Psychology) in 1994, a BAHons (Psychology) in 1999, a master's degree in Psychology with distinction in 2005, all at the University of the Free State. He started his career as a teacher at Equity College

in Vereeniging in 1994. He was appointed in the Department of Psychology at the University of the Free State from 2006 until July 2016. He is married to Mankadimeng Sarah Malebo, and the couple has a son and a daughter.

With his thesis: USING RESOURCE BASED LEARNING TO CREATE SUSTAINABLE LEARNING ECOLOGIES IN HIGHER EDUCATION, the candidate makes a contribution to establishing context for tools for acting on and with, and scaffolding to guide the differentiation, interpretation, use and understanding of resources in ways that are consistent with the epistemology, foundations, and assumptions of a given learning approach. Adopting a critical emancipatory research lens and participatory action research methodology, this contribution attempts to address the enhancement of teaching and learning in higher education. The positive results of this investigation serve as an indication of the value this type of intervention holds for the attempt to find a solution for the use of resource-based learning in order to create sustainable learning ecologies in higher education. This ecological balance on learning requires all parts of the university to act in ways that demonstrate self-awareness of their function and purpose in relation to the mission of the institution.
PROMOTER: Dr DJ Hlalele
CO-PROMOTER: Dr MM Nkoane

PHD

MALEBO, Motloi Andrew (met spesialisasie in Hoëronderwysstudie)

Motloi Andrew Malebo is op 11 September 1971 in Sharpeville, Vereeniging gebore. Hy ontvang sy sekondêre onderrig by Thuto-Lore Sekondêre Skool waar hy in 1990 matrikuleer. Hy behaal aan die Universiteit van die Vrystaat die graad BA (Geskiedenis en Sielkunde) in 1994, BAHons (Sielkunde) in 1999, en 'n meestersgraad in Sielkunde (met onderskeiding) in 2005. Hy begin in 1994 sy loopbaan as onderwyser by die Equity Kollege in Vereeniging. Hy was vanaf 2006 tot Julie 2016 in die Departement Sielkunde by die Universiteit van die Vrystaat aangestel. Hy is met Mankadimeng Sarah Malebo getroud en die egpaar het 'n seun en 'n dogter.

Met sy proefskrif: USING RESOURCE BASED LEARNING TO CREATE SUSTAINABLE LEARNING ECOLOGIES IN HIGHER EDUCATION, lewer die kandidaat 'n bydrae tot die vestiging van konteks vir hulpmiddels wat gebruik kan word, asook 'n raamwerk om rigting te gee aan differensiasie, interpretasie, gebruik en begrip van hulpbronne op wyses te rig wat konsekwent is met die epistemologie, grondslae en aannames van 'n gegewe leerbenadering. Deur die gebruik van 'n kritiese geëmansipeerde navorsingslens en deelnemende aksienavorsings-metodologie, poog hierdie bydrae om die verbetering van onderrig en leer in hoëronderwys te hanteer. Die positiewe resultate van hierdie ondersoek dien as 'n aanduiding van die waarde van hierdie soort intervensie in die poging om 'n oplossing te vind vir die gebruik van hulpbrongebaseerde leer in die skep van volhoubare leer ekologieë in hoëronderwys. Die ekologiese balans by leer vereis dat alle dele van die universiteit sodanig optree dat selfbewussyn van hul funksies en doelwitte in verhouding tot die missie van die instelling gedemonstreer word.
PROMOTOR: dr DJ Hlalele
MEDEPROMOTOR: dr MM Nkoane

DOCTOR OF PHILOSOPHY

MYBURGH, Elanie (with specialisation in Higher Education Studies)

Elanie Myburgh (née van der Westhuizen) was born in Kimberley on 26 September 1984. She matriculated from the *C&N Sekondêre Meisieskool Oranje* in 2002. In 2003 she enrolled for a BTech degree in Somatology at the Central University of Technology. She completed the degree and obtained a CIDESCO qualification in 2006. She started working as an eDegree Officer in the Faculty of Economic and Management Sciences (EMS) at the University of the Free State (UFS) in 2007. During her time at the UFS, she completed the structured MA in Higher Education Studies in 2012 with Prof Mabel Erasmus as supervisor for the final mini-dissertation, and was promoted to Teaching and Learning/Service Learning Officer in the Faculty of EMS. She married Eben Myburgh in 2011.

With her thesis, SERVICE LEARNING AS A PEDAGOGICAL APPROACH FOR THE ENHANCEMENT OF EMPLOYABILITY SKILLS IN BCom STUDENTS, the candidate makes an original and significant contribution to service learning as a component of community engagement, as well as to the development of students' employability skills through service learning in higher education. Her contribution confirms that service learning and the development of employability skills complement each other very well, and this ultimately culminates in a comprehensive framework for planning and implementing service learning modules or programmes that will enhance the development of employability skills in Economic and Management Sciences (EMS) students. The framework was designed by integrating relevant literature and empirical data obtained through a qualitative, explorative case study research design with limited quantitative enhancement, and involving multiple sources of information obtained from the same group of students in the Faculty of EMS at the University at the Free State during 2013 and 2015 respectively. All three the examiners confirmed the originality and significance of the candidate's contribution to the field of Higher Education Studies.
PROMOTER: Dr SP van Tonder
CO-PROMOTER: Prof M Erasmus

# Faculty of Education
# Fakulteit Opvoedkunde

## DEAN/DEKAAN: PROF MG MAHLOMAHOLO

EDUCATION
OPVOEDKUNDE
UFS·UV

PHD

MYBURGH, Elanie (met spesialisasie in Hoëronderwysstudie)

Elanie Myburgh (née van der Westhuizen) is op 26 September 1984 in Kimberley gebore. Sy matrikuleer in 2002 aan die C&N Sekondêre Meisieskool Oranje. In 2003 skryf sy aan die Sentrale Universiteit vir Tegnologie in vir die BTech-graad in Somatologie. Sy voltooi die graad en verwerf 'n CIDESCO-kwalifikasie in 2006. In 2007 begin sy aan die Fakulteit vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) van die Universiteit van die Vrystaat (UV) werk as 'n e-Graadbeampte. Gedurende haar tyd by die UV voltooi sy die MA in Hoëronderwysstudie in 2012, met prof Mabel Erasmus as studieleier vir die finale mini-verhandeling en word ook bevorder tot Onderrig-en-Leer-/Diensleerbeampte in the Fakulteit EBW. Sy is in 2011 getroud met Eben Myburgh.

Met haar proefskrif SERVICE LEARNING AS A PEDAGOGICAL APPROACH FOR THE ENHANCEMENT OF EMPLOYABILITY SKILLS IN BCom STUDENTS, lewer die kandidaat 'n oorspronklike en betekenisvolle bydrae tot diensleer as 'n komponent van gemeenskapsbetrokkenheid, asook tot die ontwikkeling van studente se indiensnemingsvaardighede deur middel van diensleer in hoëronderwys. Haar bydrae bevestig dat diensleer en die ontwikkeling van indiensnemingsvaardighede mekaar baie goed komplementeer en dit kulmineer uiteindelik in 'n omvattende raamwerk vir die samestelling en inwerkingstelling van diensleermodules of -programme wat die ontwikkeling van indiensnemingsvaardighede by studente in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) sal versterk. Die raamwerk is daargestel deur die integrasie van toepaslike literatuur en empiriese data wat gedurende 2013 en 2015 onderskeidelik deur middel van 'n kwalitatiewe, ondersoekende gevallestudie met beperkte kwantitatiewe uitbouing bekom is, en wat veelvuldige bronne van inligting onder dieselfde groep studente in die Fakulteit vir EBW aan die Universiteit van die Vrystaat betrek het. Al drie die eksaminatore het die oorspronklikheid en betekenisvolheid van die kandidaat se bydrae tot die terrein van Hoëronderwysstudie bevestig.
PROMOTOR: dr SP van Tonder
MEDEPROMOTOR: prof M Erasmus

DOCTOR OF PHILOSOPHY

PEPENENE, Mohapi Jack (with specialisation in Comparative Education and Education Management)

Mohapi Jack Pepenene was born in Bloemfontein on 1 October 1963. He received his secondary education in Qwaqwa, where he matriculated at Thahameso Secondary School in 1982. He obtained his BAPaed (Uniqwa) in 1989; BEdHons Vista in 1995; MSEd (Eastern Illinois, USA); Further Diploma in Education (University of Johannesburg) in 1998 and PGDE (University of the Free State) in 2006. He commenced his teaching profession in 1983 at Mohato Junior Secondary School in Qwaqwa, and has since then plied his trade in the Department of Education at various leadership positions at schools and is currently a Deputy Chief Education Specialist at the Free State Department of Education. He is blessed with four children: Palesa, Mohapi Jr, Hlalefang, and Reneiloe.

With his thesis, MANAGEMENT STRATEGY FOR OPTIMISING THE IMPLEMENTATION OF EDUCATIONAL ENRICHMENT PROGRAMMES IN YOUTH DEVELOPMENT, RECREATION, ARTS AND CULTURE, he aims to formulate a novel management pathway to maximise the implementation of the EEPs in YRAC. Critical to this scholarly piece is troubling discourses and narrowing the space between EEPs managers and learners as beneficiaries. The EEPs are harmonising co-curriculum activities and enriching learners' schooling experience. This study presents an eloquent prose reinforced by Participatory Action Research (PAR) to realise critical epitomes of: equity, social justice, democracy, respect and hope. Conclusions from this intellectual piece are the novel management pathway as a function of collaborative and cooperative engagement by all stakeholders. The study also found that inequities with resources warrant the need for a novel management pathway. The study recommends a joint and accommodating commitment among all involved in Educational Enrichment Programmes.
PROMOTER: Dr MM Nkoane
CO-PROMOTER: Prof MG Mahlomaholo

PHD

PEPENENE, Mohapi Jack (met spesialisasie in Vergelykende Onderwys en Onderwysbestuur)

Mohapi Jack Pepenene is op 1 Oktober 1963 in Bloemfontein gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding in Qwaqwa by Thahameso Sekondêre Skool in 1982. Hy behaal die BAPaed-graad te Uniqwa in 1989; die graad BEdHons aan Vista in 1995; die graad MSEd te Eastern Illinois in 1996, VSA; 'n Verdere Diploma in Opvoedkunde aan die Universiteit van Johannesburg in 1998 en 'n PGDE aan die Universiteit van die Vrystaat in 2006. Sy onderwysloopbaan begin hy in 1983 te Mohato Junior Sekondêre Skool in Qwaqwa, en sedertdien werk hy in die Department van Onderwys in verskeie leierskapposte. Hy is tans Adjunkdirekteur: Hoof Opvoedkundige Spesialis in die Vrystaatse Departement van Onderwys. Hy is geseënd met vier kinders – Palesa, Mohapi Jr, Hlalefang en Reneiloe.

Met sy proefskrif getiteld, MANAGEMENT STRATEGY FOR OPTIMISING THE IMPLEMENTATION OF EDUCATIONAL ENRICHMENT PROGRAMMES IN YOUTH DEVELOPMENT, RECREATION, ARTS AND CULTURE, poog hy om 'n nuwe bestuursmetode te ontwikkel om sodoende die implementering

van die opvoedkundige verrykingsprogramme in Jeugontwikkeling, Ontspanning, Kuns en Kultuur te maksimaliseer. Van kritieke belang in hierdie geleerde werk, is problematiese diskoers om die gaping tussen EEP-bestuurders en die leerders as begunstigdes, te vernou. Die verrykingsprogrambestuurders harmoniseer mede-kurrikulum-aktiwiteite en verryk leerders se opvoedkundige ervaring. Hierdie studie bied ’n veelseggende relaas wat gestaaf word deur deelnemende aksienavorsing wat die volgende kritiese epitome voorstel: gelykheid, sosiale geregtigheid, demokrasie, respek en hoop. Die slotsom van hierdie intellektuele werk is die nuutgevonde bestuursmetode wat dien as ’n funksie van samewerkende en koöperatiewe deelname van alle belanghebbendes. Die studie het ook bevind dat ongelykhede ten opsigte van vername hulpbronne die nodigheid staaf vir ’n nuwe bestuursmetode. Die studie beveel ’n gesamentlike en tegemoetkomende verbintenis aan van almal wat by opvoedkundige verrykingsprogramme betrokke is.
PROMOTOR: dr MM Nkoane
MEDEPROMOTOR: prof MG Mahlomaholo

DOCTOR OF PHILOSOPHY

REJU, Comfort Okwuegbune (with specialisation in Higher Education Studies)

Comfort Okwuegbune Reju was born in Nibo, Nigeria, on 23 March 1967. She received her secondary education in Amenuke, where she matriculated from the Girls’ Secondary School in June 1985. She obtained a Nigerian Certificate in Education (NCE) in August 1989 from the Federal College of Education in Kontagora and a Bachelor of Science Education (BSc [Ed]) degree in May 1994 from Ahmadu Bello University in Zaria. She also obtained a PGDip in Computer Science in June 2002 and an MTech in Mathematics in July 2004, both from the Federal University of Technology in Minna, Nigeria. She started her career as a teacher at Boys High School, Awkunanaw in May 1994. In July 1995, she was appointed in the Department of Mathematics as an Assistant Lecturer at the Federal College of Education (FCE) in Kontagora. She was later appointed as the School of Science’s Examination Officer (FCE) in Kontagora in 1999. In February 2007, she was appointed as an Assistant Lecturer in the Distance Learning Institute at the University of Lagos, Nigeria, where she became a Student Course Adviser and a member of the Examination Committee until she obtained study leave from the University of Lagos in 2015 to pursue her PhD in Mathematics Education. She is married to Professor Sunday Reju.

With her thesis, STUDENTS’ EXPERIENCES WITH DISTANCE AND ONLINE LEARNING OF UNIVERSITY-LEVEL UNDERGRADUATE MATHEMATICS IN NIGERIA, the candidate contributes to an intersection of three bodies of scholarship in the areas of Mathematics education, distance learning and online learning. Reju investigates the four essential components of undergraduate Mathematics learning namely, instructional delivery with appropriate technology, assessment procedures, learning facilitation and support services at two major national distance and online universities in Nigeria. Through her investigation, Reju argues that despite the increasing and rich history of adoption of open and distance learning models in Nigeria, the availability of qualified and competent facilitators to support learning and to mitigate the many challenges of learning Mathematics specifically through distance is possibly the most critical success factor for the undergraduate programme. Furthermore, the call by students for better and more up-to-date technologies, media, and institutional support (with special emphasis on accessible learner-friendly soft and high technologies with stable internet access) in distance and online Mathematics learning has become more urgent and rather desperate. Reju’s study thus recommends that regulatory agencies of higher education in Nigeria need to set up quality assurance mechanisms specifically to oversee the structures and practices of universities that offer distance and online programmes, especially in the sciences, engineering and other courses that require advanced Mathematical literacy and competence. This study makes an important contribution to the theoretical and practical knowledge of student experiences in undergraduate Mathematics learning through the distance and online mode.
PROMOTER: Prof LC Jita
CO-PROMOTER: Dr TJ Moloi

PHD

REJU, Comfort Okwuegbune (met spesialisasie in Hoëronderwysstudie)

Comfort Okwuegbune Reju is op 23 Maart 1967 in Nibo, Nigerië gebore. Sy het haar hoërskoolopleiding in Amenuke ontvang, waar sy in Junie 1985 aan die Sekondêre Meisieskool gematrikuleer het. Sy het in Augustus 1989 ’n Nigeriese Sertifikaat in Opvoedkunde aan die Federale Onderwyskollege in Kontagora ontvang asook ’n BSc in Opvoedkunde in Mei 1994 aan die Ahmadu Bello Universiteit in Zaria. Sy het ook ’n Nagraadse Diploma in Rekenaarwetenskappe in Junie 2002 behaal, asook ’n MTech in Wiskunde in Julie 2004, albei aan die Federale Universiteit van Tegnologie in Minna, Nigerië. Sy het haar loopbaan as ’n onderwyser by die Hoër Seunskool in Awkunanaw in Mei 1994 begin. In Julie 1995 is sy in die Departement Wiskunde as assistentdosent by die Federale kollege van Opvoedkunde in Kontagora aangestel. Sy is in 1999 as die Skool vir Wetenskap se Eksamenbeampte in Kontagora aangestel. In Februarie 2007 is sy as assistentdosent in die Afstandonderrig-instituut by die Universiteit van Lagos aangestel waar sy ’n studente-kursus-adviseur en lid van die eksamenkomitee geword het, totdat sy studieverlof gegun is om vir haar PhD in Wiskunde-onderwys te studeer. Sy is met professor Sunday Reju getroud.

Met haar proefskrif STUDENTS' EXPERIENCES WITH DISTANCE AND ONLINE LEARNING OF UNIVERSITY-LEVEL UNDERGRADUATE MATHEMATICS IN NIGERIA, maak die kandidaat ’n bydrae tot die samevloeiing van die navorsingsgebiede, naamlik Wiskunde-onderwys, afstandonderrig, en aanlyn leer. Reju ondersoek die vier noodsaaklike komponente van voorgraadse Wiskunde-onderrig, naamlik onderrig-aanbieding met toepaslike tegnologie, assesseringsprosedures, leerfasilitering en ondersteuningsdienste by twee groot nasionale en aanlyn universiteite in Nigerië. Deur haar ondersoek beweer Reju dat, ten spyte van die verhoogde en ryk geskiedenis ten opsigte van die aanvaarding van oop en afstandleermodelle in Nigerië, is die beskikbaarheid van gekwalifiseerde en bevoegde fasiliteerders om onderrig te ondersteun en die uitdagings van Wiskunde-onderrig

te verminder, veral deur middel van afstandleer, waarskynlik die grootste kritiese faktor wat sukses in die voorgraadse program beïnvloed. Verder het studente se versoek vir beter en nuwer tegnologie, media en institusionele ondersteuning (veral ten opsigte van toegang tot verbruikersvriendelike sagte en hoë tegnologie met stabiele internettoegang) in afstand- en aanlyn Wiskunde-onderrig dringender en nogal desperaat geraak. Reju se studie beveel dus aan dat regulerende agentskappe in hoëronderwys in Nigerië spesifieke kwaliteitsversekerings-meganismes moet opstel om spesifiek die strukture en praktyke van universiteite te reguleer wat afstand- en aanlyn programme aanbied, veral programme in Wetenskap, Ingenieurswese en ander kursusse wat gevorderde Wiskundige geletterdheid en bevoegheid benodig. Die studie maak 'n belangrike bydrae tot die teoretiese en praktiese kennis van studente-ervarings in voorgraadse afstand- en/of aanlyn Wiskunde-onderrig.
PROMOTOR: prof LC Jita
MEDEPROMOTOR: dr TJ Moloi

DOCTOR OF PHILOSOPHY

ROCHER, Pierre Corné (with specialisation in Philosophy and Policy Studies in Education)

Pierre Rocher was born in Carletonville on 25 March 1960. He received his secondary education in Bloemfontein, where he matriculated at Jim Fouché Secondary School in 1977. He obtained the degree BAEd in 1983, BEd in 1987, and the degree MEd with distinction in 2000 from the University of the Free State. He started his career as an educator in Swakopmund in 1984. He was the principal of Zastron Combined School from 1992 to 1997 and Fichardtpark High School from 1998 to 2000. Since 2001, he is employed by the Department of Basic Education (Free State) as a Whole-School Evaluation supervisor. He is married to Hilda and the couple has three sons.

With his thesis, TOEPASLIKHEID VAN GEHEELSKOOLEVALUERING-PROSESSE OM VOLHOUBARE SKOOLONTWIKKELING TE BEVORDER, the candidate makes a unique contribution to the knowledge of and insight into Whole School Evaluation and the processes that should follow such evaluation. The model explains the relationship between the different themes in order to enhance sustainable school development, which is very relevant to the current debate in South Africa. The recommendations of the study are exceptional contributions to the knowledge base.
PROMOTER: DR L Jacobs
CO-PROMOTER: DR KLG Teise

PHD

ROCHER, Pierre Corné (met spesialisasie in Filosofie en Beleidstudie in Opvoedkunde)

Pierre Rocher is op 25 Maart 1960 in Carletonville gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding in Bloemfontein, waar hy in 1977 aan Jim Fouché Hoërskool matrikuleer. Hy behaal die graad BAEd in 1983, BEd in 1987 en in 2000 die graad MEd met lof aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy begin in 1984 sy loopbaan as onderwyser in Swakopmund. Hy was hoof van Zastron Gekombineerde Skool vanaf 1992 tot 1997, asook Fichardtpark Hoërskool vanaf 1998 tot 2000. Hy is sedert 2001 as 'n skoolevalueerder verbonde aan die Departement van Basiese Onderwys (Vrystaat). Hy is getroud met Hilda en die egpaar het drie seuns.

Met sy proefskrif, TOEPASLIKHEID VAN GEHEELSKOOLEVALUERING-PROSESSE OM VOLHOUBARE SKOOLONTWIKKELING TE BEVORDER, lewer die kandidaat 'n unieke bydrae tot die kennis van en insig in Geheelskoolevaluering, en die prosesse wat ná sulke evaluering behoort te volg. Die model verduidelik die verhouding tussen die verskillende temas om volhoubare skoolontwikkeling te bevorder, wat 'n baie relevante onderwerp in die huidige debat in Suid-Afrika is. Die aanbevelings van die studie lewer uitsonderlike bydraes tot die kennisbron.
PROMOTOR: dr L Jacobs
MEDEPROMOTOR: dr KLG Teise

DOCTOR OF PHILOSOPHY

SEMOKO, Mailane (with specialisation in Higher Education Studies)

Mailane Semoko was born in Peka, Leribe in Lesotho, on 12 March 1956. She received her secondary education in Mohale's Hoek, where she matriculated at St. Stephen's High School in 1976. She obtained a BAEd degree in 1981 from the National University of Lesotho, HDipEdAd (Hons) in 1992, and an MA degree in Education at the University of the Witwatersrand in 1998. She started her career as a high school teacher in Maseru in 1982. She was later appointed in the Lesotho Department of Education as an Instructional Materials Editor and in the Lesotho Distance Teaching Centre as Non-Formal Education Inspector in 1988 and 1995, respectively. Currently, she is the Head of the Department of Adult Education in the Institute of Extra-Mural Studies at the National University of Lesotho. She is married to Dennis Tŝele Semoko and they have one son.

With her thesis, POST-LITERACY IN LESOTHO: IMPLICATIONS FOR TRAINING AT THE INSTITUTE OF EXTRA-MURAL STUDIES, the candidate makes a contribution to the field of Post-Literacy (PL) in general, and to the education of Adult Literacy Facilitators, specifically. With this contribution, she attempts to address the phenomenon of inadequacy of post-literacy training. She concludes that PL training should be an extension of the already

existing literacy practices embedded within the social practices of local communities. The findings of this study serve as an indication of the value of rethinking the pedagogies for the development of relevant PL materials.
PROMOTER: Prof J Preece
CO-PROMOTER: Dr CN Ndeya-Ndereya

PHD

SEMOKO, Mailane (met spesialisasie in Hoëronderwysstudie)

Mailane Semoko is op 12 Maart 1956 in Peka, Leribe in Lesotho gebore. Sy ontvang haar hoërskoolopleiding in Mohale's Hoek, waar sy in 1976 aan St. Stephen's Hoërskool matrikuleer. Sy behaal die graad BAEd in 1981 aan die National University of Lesotho, die HDipEdAd (Hons) in 1992 en 'n MA in Onderwys in 1998 aan die Universiteit van die Witwatersrand. Sy begin haar loopbaan as 'n hoërskoolonderwyseres in 1982 in Maseru. Sy word onderskeidelik in 1988 en 1995 deur die Departement van Onderwys in Lesotho, as 'n Onderrigmateriaalredigeerder en as 'n Nie-Formele Onderrigsinspekteur aangestel. Sy is tans die Departementshoof van die Departement vir Volwasse Onderwys in die Instituut vir Buitemuurse Studies aan die Nasionale Universiteit van Lesotho. Sy is getroud met Dennis Tŝele Semoko en hulle het een seun.

Met haar tesis, POST-LITERACY IN LESOTHO: IMPLICATIONS FOR TRAINING AT THE INSTITUTE OF EXTRA-MURAL STUDIES, maak die kandidaat 'n bydrae tot die veld van Post-geletterdheid (PG) in die algemeen en spesifiek tot die onderrig van volwasse onderrigsfasiliteerders. Met die bydrae, poog sy om die verskynsel van die ontoereikendheid van PG-opleiding, aan te spreek. Sy bevind dat PG-opleiding 'n verlenging moet wees van die bestaande geletterdheidpraktyke wat reeds veranker is in die sosiale praktyke van plaaslike gemeenskappe. Die bevindinge van die studie dien as 'n aanduider van die waarde van herbesinning oor die pedagogieë vir die ontwikkeling van die relevante PG-materiaal.
PROMOTOR: prof J Preece
MEDEPROMOTOR: dr CN Ndeya-Ndereya

DOCTOR OF PHILOSOPHY

THANI, Glodean Qondile Tintswalo (with specialisation in Philosophy and Policy Studies in Education)

Glodean Qondile Tintswalo Thani was born in the Mangweni Trust at Komatipoort on 2 June 1983. She received her secondary education in Nelspruit, where she matriculated at the Lowveld High School in 2001. She obtained the degree BSocSci (Psychology) in 2004, BSocSciHons (Psychology) in 2005, and the degree MA (Research Psychology) in 2011. She started her career as junior researcher in Pretoria in 2007. In 2011, she was appointed in the Department of Basic Education and at present she is Assistant-Director at the Department of Basic Education. She is the single mother of a boy, aged seven.

With her thesis, TOWARDS GENDER AND SEXUAL DIVERSITY IN SOUTH AFRICAN SCHOOLS: EXPLORING THE POLICY DEVELOPMENT PROCESS IN THE DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION, the candidate makes a contribution to a subject which has already been under the spotlight for a considerable period of time. With this contribution, she attempts to address the bottlenecks affecting policy implementation within the basic education system. A number of interrelated factors emerge as responsible for the limitation of the implementation of the Constitutional pronouncement, including silences within important policies and lack of knowledge on the subject matter among policy implementers. The positive results of this investigation serve as an opportunity for the education system to reconcile the gaps that have been highlighted by this study and to address it by promoting policies and curriculum that mainstream the rights of gender and sexually diverse learners within the education system.
PROMOTER: Prof D Francis
CO-PROMOTER: Dr KLG Teise

PHD

THANI, Glodean Qondile Tintswalo (met spesialisasie in Filosofie en Beleidstudie in Opvoedkunde)

Glodean Qondile Tintswalo Thani is op 2 Junie 1983 in die Mangweni Trust in Komatipoort gebore. Sy ontvang haar hoërskoolopleiding in Nelspruit waar sy in 2001 aan die Laeveld Hoërskool matrikuleer. Sy behaal die graad BSocSci (Sielkunde) in 2004, BSocSciHons (Sielkunde) in 2005, en die graad MA (Navorsingsielkunde) in 2011. Sy begin haar loopbaan in 2007 as junior navorser in Pretoria. Sy word in 2011 in die Departement van Basiese Onderwys aangestel en is tans assistent-direkteur by die Departement van Basiese Onderwys. Sy is 'n enkelma van 'n sewejarige seuntjie.

Met haar proefskrif, TOWARDS GENDER AND SEXUAL DIVERSITY IN SOUTH AFRICAN SCHOOLS: EXPLORING THE POLICY DEVELOPMENT PROCESS IN THE DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION, lewer die kandidaat 'n bydrae tot 'n onderwerp wat reeds geruime tyd onder die soeklig is. Met hierdie bydrae poog sy om die knelpunte wat beleidsimplementering binne die basiese onderwysstelsel raak, aan hanteer. 'n Aantal onderling-verwante faktore het aan die lig gekom wat verantwoordelik is vir die beperkte inwerkstelling van die Grondwetlike uitspraak, waaronder leemtes in belangrike beleid en 'n gebrek aan kennis van die onderwerpmateriaal onder beleidsimplementeerders. Die positiewe resultate van hierdie ondersoek dien as 'n geleentheid vir die onderwysstelsel om die gapings wat deur hierdie studie aangedui is, te hanteer en op te los deur beleid en kurrikulums te bevorder wat die regte van geslag- en seksueel-diverse leerders binne die onderwysstelsel op die voorgrond stel.
PROMOTOR: prof D Francis
MEDEPROMOTOR: dr KLG Teise

# Faculty of Law
# Fakulteit Regsgeleerdheid

LAW
REGSGELEERDHEID
UFS·UV

## DEAN/DEKAAN: PROF CMA NICHOLSON

MASTER OF LAWS
LLM

BOMELA, Sinako (with specialisation in Constitutional Law and Philosophy of Law/met spesialisasie in Staatsreg en Regsfilosofie)
KOPO, Moneuoa Stephen (with specialisation in Law of Business Entities/met spesialisasie in Ondernemingsreg)
POTGIETER, Francois Fouché (with specialisation in Mercantile Law/met spesialisasie in Handelsreg)
VENTER, Ané (with specialisation in Private Law/met spesialisasie in Privaatreg)

### DOCTOR OF LAWS

VIVIERS, Damian John (with specialisation in Mercantile Law)

Damian Viviers was born in Matatiele, KwaZulu-Natal on 25 February 1991. He received his secondary education in Matatiele, where he matriculated at King Edward High School in 2009. He obtained the degree LLB (cum laude) in 2013, and the degree LLM with distinction in 2015. He served as a research assistant and part-time lecturer in the Faculty of Law at the University of the Free State from 2014 to 2015. In 2016, he was appointed as a candidate attorney in the commercial department of Phatshoane Henney Attorneys. He is also a research fellow in the Department of Mercantile Law at the University of the Free State.

With his thesis, MENTAL HEALTH AND THE WORLD OF WORK: A COMPARATIVE ANALYSIS OF THE LEGAL FRAMEWORKS GOVERNING CATEGORIES OF MENTAL HEALTH CONDITIONS, the candidate makes a contribution to a subject which has not been afforded considerable legal consideration to date. With this contribution, he attempts to address the phenomenon of mental health conditions in the world of work, as well as the various applicable legal considerations attached to these. Various areas of Employment Law, with emphasis on disability, discrimination and reasonable accommodation are analysed in order to assess the legal status of mental health conditions in the workplace. A comparative analysis attempts to bridge the gaps under the South African legal framework in this regard. The positive results and insights gleaned from this study serve as valuable recommendations for South African law.
PROMOTER: Dr DM Smit
CO-PROMOTER: Prof JL Pretorius

### LLD

VIVIERS, Damian John (met spesialisasie in Handelsreg)

Damian Viviers is op 25 Februarie 1991 in Matatiele, KwaZulu-Natal gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding in Matatiele, waar hy in 2009 aan die King Edward Hoërskool matrikuleer. Hy behaal die graad LLB (met lof) in 2013, en die graad LLM met onderskeiding in 2015. Vanaf 2014 tot 2015 dien hy as navorsingsassistent en deeltydse lektor in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2016 word hy as kandidaatprokureur in die handelsafdeling van Phatshoane Henney Prokureurs aangestel. Hy is ook ‘n navorsingsgenoot in die Departement Handelsreg aan die Universiteit van die Vrystaat.

Met sy proefskrif, MENTAL HEALTH AND THE WORLD OF WORK: A COMPARATIVE ANALYSIS OF THE LEGAL FRAMEWORKS GOVERNING CATEGORIES OF MENTAL HEALTH CONDITIONS, lewer die kandidaat ’n bydrae tot ’n onderwerp wat nog nie genoegsame regsaandag aandag geniet het nie. Met hierdie bydrae poog hy om die verskynsel van geestelike gesondheidstoestande in die arbeidsmark, asook die verskillende toepaslike wetlike oorwegings hieraan verbonde, te ondersoek. Verskeie areas van Arbeidsreg, met die klem op gestremdheid, diskriminasie en redelike akkommodasie, word ontleed ten einde die wetlike status van geestelike gesondheidstoestande in die werkplek te evalueer. ’n Vergelykende analise poog om die gapings in die Suid-Afrikaanse regsraamwerk in hierdie verband te oorbrug. Die positiewe resultate en insigte wat uit hierdie studie verkry is, dien as waardevolle aanbevelings vir die Suid-Afrikaanse reg.
PROMOTOR: dr DM Smit
MEDEPROMOTOR: prof JL Pretorius

# Faculty of Theology
# Fakulteit Teologie

## DEAN/DEKAAN: PROF SD SNYMAN

MASTER OF ARTS IN THEOLOGY
MA (TEOLOGIE)

LEEUW, Reginald (with specialisation in Systematic Theology/met spesialisasie in Dogmatologie)

MASTER OF THEOLOGY
MTH

AHN, Jeonghwan (with specialisation in Systematic Theology/met spesialisasie in Dogmatologie)

JENTILE, Thembelani Elvis (with specialisation in Religion Studies)/ met spesialisasie in Religiekunde)
THE MORAL FORMATION, PASTORAL LEADERSHIP AND CONTEMPORARY PENTECOSTAL/CHARISMATIC CHURCHES IN SOWETO
Supervisor/studieleier: Dr L Ntombana
Internal co-supervisor/interne medestudieleier: Prof R Venter

MOKHOATHI, Joel (with specialisation in Religion Studies/met spesialisasie in Religiekunde)
RELIGION, SPIRITUALITY AND THE FORMATION OF YOUTH IDENTITIES: THE CASE OF THE ASSEMBLIES OF GOD IN EAST LONDON
Supervisor/studieleier: Dr L Ntombana



The Seanamarena – the traditional Basotho blanket.
Die Seanamarena – die tradisionele Basotho-kombers.



## The Main Procession graduation gowns – embroidered with rich diversity

South Africa, and the Free State in particular, has a long-standing friendship with our neighbouring country, Lesotho. Through a shared history, we have become co-creators of our futures. For this reason, the UFS decided to incorporate our tradition with that of the Basotho in the design of our Main Procession graduation gowns.

The gowns are inspired by the Seanamarena – the traditional Basotho blanket. The different patterns on the Seanamarena indicate the status one holds in the Basotho nation or reflect the occasion being celebrated. Keeping the Seanamarena pattern in mind, we combined our traditional academic designs with that of the Basotho nation.

## Die togas vir die Hoofgradeplegtigheidsprosessie – geborduur met 'n ryke verskeidenheid

Suid-Afrika, en die Vrystaat in die besonder, se vriendskap met ons buurland, Lesotho, bestaan reeds baie lank. Deur middel van ons gedeelde geskiedenis, het ons die medeskeppers van ons toekoms geword. Om hierdie rede het die UV besluit om ons tradisie met dié van die Basotho te vermeng in die ontwerp van ons togas vir die Hoofgradeplegtigheidsprosessie.

Die togas is geïnspireer deur die Seanamarena – die tradisionele Basotho-kombers. Die verskillende patrone op die Seanamarena is 'n aanduiding van die status wat die persoon in die nasie beklee, of van die geleentheid wat gevier word. Met die Seanamarena-patroon in gedagte, is ons tradisionele akademiese ontwerpe met dié van die Basotho-nasie gekombineer.

# Yoke patterns
# Skouerstuk-patrone



## Yoke pattern for the Chancellor and Vice-Chancellor
## Skouerstuk-patroon vir die Kanselier en Visekanselier

This Seanamarena pattern is an interpretation of a design – used exclusively for the king and chiefs – which means “to swear by the king”. This blanket has the highest status of all Basotho blankets.

Hierdie Seanamarena-ontwerp is ’n interpretasie van ’n ontwerp wat uitsluitlik vir die koning en opperhoofde gebruik word en dit beteken “om te sweer by die koning”. Hierdie kombers het die hoogste status van alle Basotho-komberse.



## Yoke pattern for the Chairperson of the Council
## Skouerstuk-patroon vir die Voorsitter van die Raad

This Seanamarena Victorian crest motif appeared after the visit of the Prince of Wales to Lesotho in 1925, which made a profound impression on the local people. Customers refer to this blanket as ‘lesiba’ – meaning feathers – when buying it.

Die Seanamarena Victoriaanse wapenmotief verskyn na die besoek van die Prins van Wallis aan Lesotho in 1925, wat ’n groot indruk op die mense gemaak het. Kliënte verwys na die kombers as ‘lesiba’ – wat vere beteken – wanneer dit gekoop word.



## Yoke pattern for the Vice-Rector
## Skouerstuk-patroon vir die Viserektor

This Seanamarena Poone design symbolises good crops, wealth, and fertility. The Poone is given as a present to honour an important visitor.

Hierdie Seanamarena Poone-ontwerp simboliseer goeie oeste, rykdom en vrugbaarheid. Die Poone word gegee as ’n geskenk om ’n belangrike besoeker te eer.



## Yoke pattern for the Registrar
## Skouerstuk-patroon vir die Registrateur

The same Seanamarena Poone design used for the Vice-Rector applies to the Registrar, with some slight design and colour alterations.

Dieselfde Seanamarena Poone-ontwerp vir die Viserektor is van toepassing op die Registrateur, met effense ontwerp- en kleurveranderings.

The deans wear gowns made in the colours of the faculties or others which indicate the office they hold.

Die dekane dra togas in die kleure van hulle fakulteite en ander se togas dui die amp wat hulle beklee, aan .



# Dear Kovsie
# Beste Kovsie

UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**

ALUMNI

## Dear Alumnus

The Kovsie Alumni family welcomes you! Congratulations on your achievements.

The role of the Kovsie Alumni Office is to enable Kovsie graduates to keep in touch with their Alma Mater.

Visit our website (www.ufs.ac.za) to update your contact details or contact the Alumni Office at +27 51 401 3535.

## Beste Alumnus

Hartlik welkom by die Kovsie Alumni-familie! Baie geluk met jou prestasie.

Die rol van die Kovsie Alumni-kantoor is om jou in staat te stel om met jou Alma Mater kontak te hou.

Besoek ons webwerf (www.ufs.ac.za) vir die opdatering van jou besonderhede of kontak ons by +27 51 401 3535.

UFSUV | UFSweb | UFSweb


Visit **KovsieGear**, the **UFS shop** on the **Thakaneng Bridge.**

Besoek **KovsieGear,** die **UV-winkel** op die **Thakaneng-brug.**

Kovsie Gear
UFS UV

www.ufs.ac.za | E: kovsiegear@ufs.ac.za | T: 051 401 3415
UFSUV | UFSweb | UFSweb

*Inspiring excellence. Transforming lives.*
*Inspireer uitnemendheid. Verander lewens*

UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS UV